**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

042-273-1335
042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 11/06 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **Toetsreeks: 21 Junie tot 6 Julie 2021:**
Die toetsreeks neem op Maandag, 21 Junie, 'n aanvang. Graad 7- tot 12-leerders het vandag 'n harde kopie van die rooster ontvang. Toetse word aan die begin van die dag geskryf en daarna word periode 1-6 van die betrokke siklusdag gevolg. Leerders wat op 'n betrokke dag nie toets skryf nie, sal gedurende die toetsperiode die geleentheid kry om te kan leer. **Ouers/voogde moet asseblief daarop let dat leerders skool MOET bywoon op die dae wat hul nie skryf nie.** Gedurende die toetsreeks sluit die skool op Maandae tot Donderdae om 13:30 en op Vrydae om 12:40. Roetebusse vertrek direk daarna. Daar sal geen sport tydens die toetsreeks wees nie. Grondslagfase volg normale tye.

Tye gedurende toestreeks is as volg:

**MAANDAE TOT DONDERDAE**

| | TYD | DUUR |
|---|---|---|
| Register: | 07:50 – 08:00 | 10 min. |
| Toets | 08:00 – 10:00 | 120 min. |
| Periode 1 | 10:00 – 10:30 | 30 min. |
| POUSE | 10:30 – 10:45 | 15 min. |
| Periode 2 | 10:45 – 11:15 | 30 min. |
| Periode 3 | 11:15 – 11:45 | 30 min. |
| Periode 4 | 11:45 – 12:15 | 30 min. |
| POUSE | 12:15 – 12:30 | 15 min. |
| Periode 5 | 12:30 – 13:00 | 30 min. |
| Periode 6 | 13:00 – 13:30 | 30 min. |
| Skool verdaag | 13:30 | |

**VRYDAE**

| | TYD | DUUR |
|---|---|---|
| Register | 07:50 – 08:00 | 10 min. |
| Toets | 08:00 – 10:00 | 120 min. |
| Periode 1 | 10:00 – 10:30 | 30 min. |
| POUSE | 10:30 – 10:45 | 15 min. |
| Periode 2 | 10:45 – 11:15 | 30 min. |
| Periode 3 | 11:15 – 11:45 | 30 min. |
| Periode 4 | 11:45 – 12:15 | 30 min. |
| Periode 5 | 12:15 – 12:40 | 25 min. |
| Skool verdaag | 12:40 | |

**Woensdag, 7 Julie (DAG 8) en Donderdag, 8 Julie (DAG 9):**
Normale skooldag (07:50 – 14:15)

herotel

2. **<u>Skolierpatrollie</u>:**
Die skool het inisiatief geneem om 'n skolierpatrollie te begin wat by twee voetoorgange voor en na skool vir skoliere diens sal doen. Die sebrastrepe by die bushek asook by die klein hekkie sal vanaf Maandag deur die skolierpatrollie beman word. Leerders wat deel uitmaak van hierdie projek het vandag opleiding deur die verkeersdepartement ontvang.

Hierdie projek kan slegs werk as alle rolspelers hulle samewerking gee.

Graag doen ons 'n beroep op ouers om hul kinders te leer om die padreëls te gehoorsaam en die skolierpatrollie te respekteer. Kinders leer deur hul ouers se voorbeeld. Ons vra ook die samewerking van busse, taxi's en motors om hierdie projek te ondersteun.

Die veiligheid van Hoërskool McLachlan se leerders is vir ons belangrik.

Sterkte aan me. Simoné van der Mescht in samewerking met haar span en die verkeersdepartement met hierdie projek. Ons glo dit sal 'n verskil maak in die opvoeding van ons leerders.

3. **<u>Karoo to Coast – fietswedren: 26 September 2021</u>:**
Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

4. **<u>Covid-prosedure</u>:**
<u>Prosedure voor skool:</u>
Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit.
Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

<u>Ingang/Uitgang van onderskeie grade:</u>
<u>Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas</u>.

| Graad | Hek (ingang)<br>07:30 – 07:50 | Hek (uitgang) | Skandering | Skoolure |
|---|---|---|---|---|
| 1 en 2 | Bushek<br>(P.J.Retiefstr.) | Klein hekkie<br>(12:40) | 07:30 - 07:50 | Maandag – Vrydag<br>07:30 – 12:40 |
| 3, 7, 8,12 | Bushek<br>(P.J.Retiefstr.) | Bushek<br>(P.J.Retiefstr.) | 07:30 - 07:50 | Maandag – Donderdag<br>07:30 – 14:15<br>Vrydag: 07:30 – 12:40 |
| 4, 5, 6, 9, 10, 11 | **Klein hekkie**<br>(De Waalstraat) | Klein hekkie<br>(De Waalstraat) | 07:30 - 07:50 | Maandag – Donderdag<br>07:30 – 14:15<br>Vrydag: 07:30 – 12:40 |

LET WEL: Die skuifhek sal NIE meer as in- of uitgang gebruik word nie.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:
- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

herotel

**Addisionele veiligheidsreëlings om Covid 19 se verspreiding te beperk:**
Indien **enige persoon in u huishouding** getoets is vir COVID-19 en u wag op u uitslag, moet u asseblief NIE u kind(ers) skool toe stuur nie. Sodra die uitslag **NEGATIEF** is, mag u kind(ers) weer skool toe kom. Indien die uitslag **POSITIEF** is, moet u en u huishouding vir ten minste 10 dae in isolasie wees. **Ek doen 'n vriendelike, dog ernstige beroep, op u, as ouers, om die skool in kennis te stel indien u kind afwesig is a.g.v. Covid-19-toetsing in u huishouding.**

HS McLachlan wend 'n poging aan om te keer dat die virus versprei. Ouers en leerders moet asseblief verantwoordelik optree – vermy sosiale kontak en dra maskers.

**Geen persoon anders as leerders en beamptes (personeel) mag die skoolterrein betree sonder vooraf toestemming van die skoolhoof nie. Ouers moet asseblief die sekretaresse kontak vir 'n afspraak met die skoolhoof en personeel.**

5. **Sport:**
Alle sportoefeninge asook fiksheidsoefeninge is afgestel tot verdere kennisgewing.

S. Pienaar

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit